



**NWU**®

NORTH-WEST UNIVERSITY  
NOORDWES-UNIVERSITEIT  
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

## **Beleid oor Studente met Gestremdhede**

<b>Verwysingsnommer</b>	7P_7.3.4
<b>Verantwoordelike uitvoerende bestuurder</b>	Uitvoerende Direkteur: Studentelewe
<b>Beleideienaar</b>	Uitvoerende Direkteur: Studentelewe
<b>Verantwoordelike afdeling</b>	Studentelewe
<b>Status</b>	Goedgekeur
<b>Goedgekeur deur</b>	Raad
<b>Datum van goedkeuring</b>	18 November 2021
<b>Datum van wysigings</b>	
<b>Hersieningsdatum</b>	November 2026

## BELEID OOR STUDENTE MET GESTREMDHEDE

### Aanhef

Die Noordwes-Universiteit streef daarna om 'n omgewing daar te stel wat aan studente wat met gestremdhede die geleentheid bied om deel te neem aan die onderrig-, leer- en navorsingsaktiwiteite van die Universiteit, sowel as die ko-kurrikulêre en gemeenskapsbetrokkenheidsomgewing. Sodoende poog die Universiteit om 'n positiewe bydrae te lewer tot die ontwikkeling van sy studente, die gemeenskap en die samelewing. Die Universiteit is dus daartoe verbind om die struikelblokke uit die weg te ruim wat persone met gestremdhede ten onregte sulke geleenthede ontnem, en om die behoeftes van sulke persone te akkommodeer.

### 1 Toepassing en vertolking

Hierdie beleid moet toegepas word op 'n wyse wat strook met –

- 1.1 die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996, soos gewysig;
- 1.2 die Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997, soos gewysig;
- 1.3 die Statuut van die Noordwes-Universiteit (2020);
- 1.4 die Wet op die Bevordering van Gelykheid en die Voorkoming van Onregverdig Diskriminasie, 4 van 2000, soos gewysig;
- 1.5 die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 103 van 1997 (Deel S);
- 1.6 die Witskrif oor die Regte van Persone met Gestremdhede (2016);
- 1.7 die Strategiese Beleidsraamwerk oor Gestremdheid vir die Naskoolse Onderwys- en Opleidingstelsel (2018);
- 1.8 die Universiteit se Makro-infrastruktuurraamwerk: Infrastruktuurbestuursriglyne vir Universiteite (2019);
- 1.9 die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 4 van 2013 (WBPI); en
- 1.10 addisionele beleide, reëls en regulasies soos goedgekeur deur die Raad en/of Universiteitsbestuur.

### 2 Begripsomskrywings

In hierdie beleid:

word “**student**” deur die statuut (2020) gedefinieer as 'n persoon wat toegelaat word en as student geregistreer word om 'n kwalifikasie te verwerf.

beteken “**belemmering**” 'n inkorting van fisieke of geestesgesondheid, of 'n kombinasie van beide, wat progressiewe of wederkerende toestande is wat geen owerste simptome het nie of wat nie besonder beperkend is vir 'n persoon se deelname aan die aktiwiteite, programme, en leerervarings wat deur die Universiteit aangebied word nie.

verwys “**studente met gestremdhede**” na studente met langtermyn fisieke, verstandelike, intellektuele of sensoriese belemmerings, wat in interaksie met verskeie struikelblokke hul volle en doeltreffende deelname in die samelewing op 'n gelyke basis met andere in die weg kan staan.

### 3 Gestremdheid

Die Universiteit erken dat gestremdheid beskou word as 'n ontwikkelende konsep wat verwys na gevalle waar 'n persoon nie in staat is om ten volle aan 'n aspek van die lewe deel te neem nie, asook wanneer die samelewing versuim om die regte van sodanige persone te handhaaf deur redelike akkommodering en insluiting van sodanige persone.

Gestremdheid binne die universiteitskonteks verwys dus na die beperking van deelname van enige persoon/persone met 'n tydelike, permanente of langtermyn gestremdheid wat medies gesertifiseer is en wat

beperkte toegang tot (of vordering in) onderrig, leer, navorsing en ko-kurrikulêre aktiwiteite ervaar as gevolg van hul gestremdheid, en kan kontekstuele, omgewings- en gesindheidshindernisse insluit.

## **4 Beleidsverklaring**

Dit is die beleid van die Universiteit om –

- 4.1 erkenning te gee aan die behoeftes van studente met gestremdhede;
- 4.2 'n omgewing te skep wat studente met gestremdhede ondersteun deur omgewings-, gesindheids- en ander hindernisse uit die weg te ruim wat andersins redelike toegang sou belemmer tot geleenthede om deel te neem aan die akademiese en ko-kurrikulêre omgewing;
- 4.3 stelsels, prosedures en infrastruktuur te ontwikkel en te verbeter wat studente met gestremdhede ondersteun en deel maak van die akademiese sowel as die ko-kurrikulêre omgewing;
- 4.4 hulpbronne toe te wys vir die redelike akkommodasie en insluiting van studente met gestremdhede, om hulle in staat stel om deel te neem aan universiteitsaktiwiteite, -programme en -geleenthede; en
- 4.5 'n kultuur van begrip en bewustheid te kweek m.b.t. gestremdhede en om te help met die uitwissing van diskriminasie en die skending van die regte van studente met gestremdhede.

## **5 Bekendmaking en bepaling van gestremdheid**

- 5.1 Bekendmaking van 'n gestremdheid of spesifieke behoefte(s) aan die NWU is 'n vrywillige proses vir alle voornemende en huidige studente.
- 5.2 Indien 'n gestremdheid of spesifieke behoefte aan die Universiteit bekendgemaak word, sal 'n assessering en evaluering deur die Universiteit gedoen word om die aard en omvang van ondersteuning te bepaal wat nodig mag wees om die student redelikerwys te akkommodeer en in te sluit.
- 5.3 Indien 'n voornemende student of 'n student met 'n gestremdheid verkies om nie die belemmering(s) waarmee hulle saamleef, en wat die oorsaak van die gestremdheid is, bekend te maak ten tyde van hul aansoek by die Universiteit nie, of indien die gestremdheid plaasvind ná hul registrasie by die Universiteit, sal die Universiteit met die geaffekteerde student in gesprek tree om te bepaal of bystand en ondersteuning verskaf kan word wanneer die Universiteit bewus gemaak word van die gestremdheid of spesifieke behoefte.

## **6 Vertroulikheid**

### **6.1 Legitieme doel**

Die persoonlike inligting met betrekking tot studente met gestremdhede, insluitende inligting met betrekking tot die spesifieke gestremdhede, mag slegs ingesamel word om die Universiteit in staat te stel om 'n legitieme doel te bereik. Indien sodanige persoonlike inligting vir 'n legitieme doel ingesamel word, moet dit geskied met die volle kennis en ingeligte toestemming van die individu wat sodanige inligting verskaf.

### **6.2 Vertroulikheid**

Ingesamelde persoonlike inligting van studente met gestremdhede mag slegs toeganklik wees vir lede van die NWU wat 'n legitieme belang daarby het om bystand of dienste aan sulke studente te verleen of te verskaf. Persoonlike inligting van studente met gestremdhede mag nie met ongemagtigde interne of eksterne partye gedeel word nie.

### **6.3 Bestuur van persoonlike inligting**

Ingesamelde persoonlike inligting van studente met gestremdhede moet bestuur word in ooreenstemming met die toepaslike wetgewende voorskrifte en universiteitsreëls en -prosedures wat rigtinggewend is vir die bestuur van persoonlike inligting.

### **6.4 Toestemming**

Benewens die vereiste toestemming by die insameling van persoonlike inligting oor persone met gestremdhede, en tensy dit 'n wetlike vereiste is, mag die Universiteit nie persoonlike inligting van studente met gestremdhede bekendmaak op 'n wyse wat indruis teen die toepaslike wetgewing, beleide en reëls m.b.t. die bestuur van persoonlike inligting nie.

## **7 Handleiding oor studente met gestremdhede (HSMG)**

- 7.1 Die Beleidshandleiding oor studente met gestremdhede moet deur die Universiteit ontwikkel word en deur die Universiteitsbestuurskomitee goedgekeur word.
- 7.2 Hierdie handleiding moet voorts dien as riglyn vir hulpverlening aan studente met gestremdhede met betrekking tot:
  - 7.2.1 prosedures ten opsigte van akademiese aansoeke van studente met gestremdhede;
  - 7.2.2 prosedures ten opsigte van konsessieaansoeke van studente met gestremdhede;
  - 7.2.3 prosedures ten opsigte van die nie-goedkeuring van aansoeke;
  - 7.2.4 reëls oor skrywers, lesers en amanuensisse vir studente met gestremdhede;
  - 7.2.5 raamwerk oor opvoeding en bewustheid rakende gestremdhede; en
  - 7.2.6 prosedures ten opsigte van die monitering, evaluering en verslagdoening rakende studente met gestremdhede.
- 7.3 As deel van die skep van 'n instaatstellende omgewing wat studente met gestremdhede ondersteun, bring die Registrateur jaarliks die Sentrale Toelatingskomitee oor Studente met Gestremdhede (STKSMG) tot stand met die oog op aangeleenthede wat verband hou met die toelating van studente met gestremdhede.
  - 7.3.1 Drie Kampuskonsessiepanele oor Studente met Gestremdhede (KKPSMG) word tot stand gebring as funksionele komitees van die STKSMG, wat die nodige ondersteuning van studente met gestremdhede verder fasiliteer.

Die handleiding moet voorsiening maak vir die samestelling, funksionering en reëls van die komitee en panele.